# VOORWOORD

Baie graag wil ek 'n voorwoord en 'n aanbeveling by hierdie Artikel van prof. Engelbrecht skryf. Hy is iemand wat met gesag oor ons kerkgeskiedenis kan praat. Niemand in ons land beskik oor so 'n groot en uitgebreide versameling van gegewens oor die Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis soos hy nie. Niemand ken ook die gegewens beter as hy nie. Hy het sy hele lewe aan die studie van ons kerkgeskiedenis gewy. Almal wat hom ken, weet ook dat hy al die eienskappe van 'n versamelaar en navorser besit. Hy beskik oor 'n verbasende werkkrag, word deur liefde en ywer vir sy vak verteer en het nooit enige moeite of koste ontsien om die nodige stukke in verband met die kerkgeskiedenis in hande te kry nie. Dit alleen is 'n waarborg dat enige werk wat deur hom uitgegee word, wetenskaplik verantwoord is. Die Artikel wat ons hiermee baie sterk wil aanbeveel, dank sy ontstaan aan 'n boek oor die geskiedenis van die Ned. Herv. of Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika geskryf deur dr. G. D. Scholtz. Die boek van dr. Scholtz dien homself aan as wetenskaplike werk oor die kerkgeskiedenis maar tog wemel dit van foute. As mens die boek lees kan jy nie help om te voel dat dr. Scholtz niks van die Nederduitsch Hervormde Kerk hou nie en indien moontlik nog minder van wyle ds. D. v.d. Hoff en ons ou predikante, of, om dit juister te sê, mens kry die indruk dat hy die Nederduitsch Hervormde Kerk en ook die persoon van ds. D. v. d. Hoff amper haat. Daarteenoor het hy sy Kerk baie lief, en hiervoor wil ons hom krediet gee. Maar sy groot voorliefde vir die Ned. Herv. of Geref. Kerk en sy afkeer en vooroordele teen die Ned. Herv. Kerk en teen ds. v.d. Hoff en die ou predikante het hom parte gespeel. Dit kom my voor dat dit daaraan te wyte is dat daar soveel verkeerde voorstellings en skewe konklusies in sy boek voorkom. Dit hinder dr. Scholtz skynbaar baie dat die Engelse Goewerneurs in die ou dae 'n seggenskap in die sake van die Ned. Geref. Kerk gehad het en dat die Goewerneurs meermale van die predikante gebruik gemaak het om die Afrikaanse bevolking te verengels. Dit sal onthou word dat sir Harry Smith selfs genl. Andries Pretorius gedreig het dat hy die geestelike swaard sal gebruik om die Voortrekkers weer onder Engelse bewind te kry. Dit sal ook onthou word dat dit een van die groot redes was waarom die Voortrekkers konstant geweier het om onder die Kaapse Sinode ingelyf te word. Hulle was bang vir die seggenskap wat die Engelse Goewerneurs in in die kerksake van die Kaapse Kolonie gehad het. Dr. Scholtz ontken in sy boek dat so 'n seggenskap bestaan het en dat so 'n dreigement deur sir Harry Smith gemaak is. Net so hinderlik is dit skynbaar vir hom dat die

Ned. Geref. Kerk vyandig teenoor die Groot Trek gestaan het en dat die Kerk die Trek veroordeel het en nie wou help dat van die predikante die Voortrekkers geestelik sou bystaan nie. Dr. Scholtz ontken dit en voer aan dat die rede, dat geen predikant 'n beroep na die Voortrekkers wou aanneem nie, gesoek moet word in die feit dat die Kerk soveel vakante gemeentes gehad het. Die bewyse vir hierdie ontkennings? Ja gaan vra die maar vir dr. Scholtz. Die Artikel van Prof. Engelbrecht sal meer lig op die saak werp. En van die weiering van die Voortrekkers om by die Kaapse Sinode ingelyf te word, gepraat, dit is kostelik om te sien hoe dr. Scholtz die skuld hiervoor op ds. v.d. Hoff pak. Die Voortrekkers sou dan volgens hom begerig gewees het om by die Kaapse Sinode ingelyf te word, maar ds. v.d. Hoff het hulle omgepraat. Ongelukkig weerspreek die notule van die vergadering waarop die saak behandel is, die bewering van dr. Scholtz. Maar u moet tog nie dink dat dit hom enige hoofbrekens besorg nie. Hy beweer eenvoudig dat ds. v.d. Hoff die notule vervals het. Dat die notule goedgekeur is en daar tog seker mense sou gewees het wat sou opgemerk het dat die notule vervals is, het blykbaar nooit op dr. Scholtz gedaag nie. Die onomstootlike feite in verband met die saak verhinder hom nie om sy storie dat ds. v.d. Hoff die inlywing verongeluk het, te vertel nie.

Die ou beskuldiging dat die Ned. Hervormde Kerk liberaal sou wees, bly ook nie agterweë nie. Dit word gesê dat dr. Goebbels, die propaganda-minister van Hitler, die vader van die stelling is, dat as mens maar lank genoeg 'n bewering herhaal, hoe onwaar die bewering ook al mag wees, dan glo die mense dit uiteindelik. Dit wil my egter voorkom dat hierdie stelling amper honderd jaar eerder deur sommige mense in Suid Afrika ontdek is, om tot vervelens toe die bewering, dat die Ned. Hervormde Kerk liberaal is, te herhaal. Dr. Scholtz glo dit ook al. Miskien sal al die mense dit glo na nog 'n paar honderd jaar se herhaling. Ons is dus verplig om dit weereens te ontken. Waar kom dr. Scholtz daaraan? Die Hervormde Kerk het dieselfde belydensskrifte as die ander Afrikaanse Susterkerke. In die loop van meer as 100 jaar het twee predikante 'n leer in stryd met die belydenis verkondig, en is daaroor uit hul amp ontset. Daar bestaan sover ons bekend, geen geskrif, uitspraak of besluit, wat in stryd met die belydensskrifte, en wat deur die Kerk of een van sy ampsdraers gemaak of gepubliseer is nie. Die kerkwet vereis dat minstens twaalfmaal per jaar die Heidelbergse Kategismus in volgorde in 'n preek aan die gemeente verduidelik sal word. Op Ringsvergaderings word streng navraag gedoen of hieraan uitvoering gegee is. In katkisasieklasse word die leer van die Kerk, soos vasgelê in sy belydenisskrifte, aan katkisante verduidelik en aangeprys. Waar kom nou die storie vandaan dat die Hervormde Kerk of sy predikante van vroeër af tot nou, liberaal sou wees? Ons sou

graag aan dr. Scholtz die vraag wou stel of die Metodisme, in sy leerstellige vooronderstelling, sowel as in sy optrede in die praktyk, miskien altyd in ooreenstemming met die belydenisskrifte is. Ons wil hom ook vra in watter van die Afrikaanse Kerke sulke ongereformeerde en anti-calvinistiese strominge, soos die Oxford Group, die A.E.B., die Moral Rearmannent, en die Youth for Christ bewegings, uitgeslaan en posgevat het? Ons kan dr. Scholtz verseker dat dit nie in die Ned. Hervormde Kerk was nie net so min as wat die Ned. Hervormde Kerk al ooit oorsese opwekkingspredikers en geesdrywers uitgenooi en aangemoedig het. Maar ten spyte hiervan is dit altyd mense uit daardie hoek, wat met 'n volharding probeer om die Ned. Hervormde Kerk die etiket van liberaal aan te plak. Nog blinder vir feite word dr. Scholtz, oor die kwessie van die oorspronklike naam van die oudste kerk in Suid-Afrika. Oor die naamkwessie bestaan daar tog vier feite wat mens moet in aanmerking neem.

*Feit no.* 1. Elke Kerk besit 'n kerkwet en in die wet word die naam van die Kerk vermeld. Die oudste kerkwet in Suid-Afrika vermeld die naam van die Kerk as Nedetditsch Hervormd.

*Feit No.* 2. Die Kerk het die naam aanvaar tot 1842. Hoe anders kan die besluit van die Sinode van 1842 waarin die naam Nederduitsch Hervormd tot Nederduitsch Gereformeerd verander word, verklaar word?

*Feit No.* 3. Die Groot Trek het in 1836 plaasgevind. Dus ses jaar voor die naamsverandering.

*Feit no.* 4. Lidmate en predikante het selfs nog lank na die naamsverandering afwisselend die naam as Nederduitsch Hervormd en Ned. Gereformeerde gebruik.

Myns insiens kan mens uit die feite net die volgende afleidings maak:
A. Die oudste *offisiële* naam van die Kerk in Suid Afrika was Nederduitsch Hervormd.

B. Na 1842 was die naam, die veranderde naam: Ned. Gereformeerd.

C. Die Voortrekkers is met die naam Ned. Hervormd uit die Kolonie weg.

D. Die naam was vir die ou mense nie 'n kwessie nie daarom het so baie mense ander as die offisiële naam gebruik. Dr. Scholtz maak egter die afleiding dat die naam altyd net Ned. Geref. was.

As dr. Scholtz se afleiding korrek sou wees, dan moet ook die volgende afleiding korrek wees:

In Transvaal bestaan die Ned. Hervormde of Geref. Kerk. In sy kerkwet en amptelike stukke word die Kerk se naam as Ned. Hervormde of Geref. genoem. Maar seker 80% van die lidmate en selfs baie predikante praat van hul Kerk as die Verenigde Kerk. Afleiding: Die Kerk se naam was altyd die *Verenigde Kerk* en nooit die Ned. Hervormde of Geref. Kerk nie.

Ter afsluiting wil ek 'n voorspelling maak: Lank nadat dr. G. D. Scholtz al vergete sal wees en sy boek in die vergetelheid verdwyn het, sal die geskiedenis van die Ned. Hervormde Kerk, wat in Transvaal so nou en eerbaar saamgeweef is met die wordingsgeskiedenis van die Transvaalse Republiek, nog die agting afdwing van die reggesinde Afrikaner. Ook sal die naam van ds. Dirk v.d. Hoff die stoere en eerbiedwaardige Voortrekkerpredikant, nog met eerbiedige dankbaarheid deur duisende afstammelinge van die Voortrekkers in ere gehou word.

Mag die Artikel van Prof. Engelbrecht 'n baie groot leserskring hê. Die Artikel verdien dit.

A. J. G. OOSTHUIZEN,
Voorsitter v.d. Komm. v.d. Alg. Kerkverg.
Ned. Herv. Kerk.